

17 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 17:55-19:24

Fokusgedeelte: 1 Samuel 18:1,3,4

Wat die vriendskap met Dawid van Jonatan gevra het

Jonatan was die kroonprins wat vir Saul as koning moes opvolg. Hy was 'n dapper man, en die liefeling van die volk (14:45). Ja, Jonatan het al die eienskappe besit om 'n skitterende koning te word, selfs beter as sy pa. Maar kyk wat doen hy nou! Hy gee sy mantel, sy uitrusting, sy swaard, boog en gordel vir Dawid. Waarom? Nie net om vir Dawid te sê hy weet hy gaan koning word nie, maar om hom in nederigheid aan Dawid as koning te onderwerp. Daar is geen naywer of afguns by Jonatan nie! Met hierdie daad eer hy Dawid as gesalfde koning van God.

Hierdie vriendskap met Dawid het vir Jonatan baie smart meegebring. Saul het met tye vir Jonatan gehaat, hom uitgeskel as 'n rebelse ellendeling (20:30), en met 'n spies na hom gemik om hom dood te maak (20:33). Jonatan het egter getrou gebly aan die vriendskapsverbond wat hy met Dawid gesluit het (18:3). Tog het hy ook aan sy pa getrou gebly en saam met hom op die slagveld gesterf.

Soos Jonatan in nederigheid Dawid as gesalfde van God erken het, moet ons die Nakomeling van Dawid - Jesus Christus - in selfverloëning bely en volg (vgl Matt 16:24). Hoe verloën 'n mens jouself? Deur jou, soos Jonatan, te stroop van jou eie waardigheid en in algehele oorgawe voor Jesus as Koning neer te buig met die belydenis van 'n Tomas: My Here en my God (Luk 20:28). En onthou, die Here wil hê dat jy ook 'n Jonatan moet wees vir soveel Dawids wat eensaam is en in moeilike omstandighede verkeer.

Sing: Psalm 145:1,5,12

Dr CJ Malan (Emeritus)